Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za

Every child *Every chance* Every day | *Elke kind* Elke kans *Elke dag* | Wonke umntwana *Lonke ixesha* Yonke imihla

4 Desember 2020

Geagte Ouers

INFASSERING VAN SPORT IN 2021

Laerskool Kenridge sal hul ekstra-kurrikulêre program gedurende die tweede week van die nuwe skooljaar in 2021 hervat. Ons sal 'n hersiende program gebruik, wat vir beide Groep A en Groep B voorsiening maak. Ons is verplig om die nodige protokolle vir ons leerders te volg en daarom sal ons ekstra-kurrikulêre program sistematies heropen.

Ons vra dat leerders hul oefeninge bywoon gedurende die dae wat hul wel by die skool is. Dit het kleiner groepe tot gevolg en dit lei tot meer individuele aandag. Ons sal die program deurgaans hersien en veranderinge aanbring, wanneer ons meer leerders op `n slag, tydens oefening mag akkommodeer.

Die volgende reëlings geld vir alle sportsoorte:
- Elke leerder arriveer met 'n masker aan.
- Elke leerder bring hul eie waterbottel.
- Siftingsprotokolle vir die verskeie sportsoorte sal vroeg volgende kwartaal uitgestuur word.
- Geen toeskouers word by oefeninge toegelaat nie.
- Sosiale afstand sal gehandhaaf word.

Ons skool het die uitnodiging na verskeie sportgebeurtenisse volgende jaar aanvaar en indien die regulasies dit toelaat, sal ons dit bywoon. Ons sien uit daarna om ons leerders weer aan die skool se ekstra-kurrikulêre program te laat deelneem.

Aangeheg is die vorms met betrekking tot die ekstra-kurrikulêre program. Klik asseblief op hierdie skakel om u kind / kinders se aktiwiteite te kies.

https://forms.office.com/Pages/ResponsePage.aspx?id=LV5oH3rdAU-bhLmo47rNDNJfY-gXY5dDnoLR0f5XoptUREZHTzNSNjRHT1QwWFhWV1RMVDFIUElPWi4u

Die uwe

S. R. Smith (Mev.)
SKOOLHOOF

L. Anderson (Me.)
HOOF VAN SPORT

GET SET GROW